



Resensies

- Meyer, Adriaan. 2009. **Prinsloo versus**. Pretoria: Protea Boekhuis.
(*M.L. Crous*) 177
- Joubert, Marlise. 2009. **Versindaba 2009**. Pretoria: Protea Boekhuis.
(*T.T. Cloete*) 178
- Vos, Cas. 2009. **Intieme afwesige: gedigte**. Pretoria: Protea Boekhuis.
(*H.P. van Coller*) 180
- Henderson, W.J. 2009. **Vir Griekse fluite: vroeë Griekse elegiese poësie**. Pretoria: Protea Boekhuis.
(*H. Goede*) 183
- Aucamp, Hennie. 2009. **Die huis van die digter en ander liefdesverhale**. Pretoria: Protea Boekhuis.
(*B. van der Merwe*) 184
- Van Staden, Ilse. 2009. **Tafel vir twee**. Pretoria: Protea Boekhuis.
(*C.A. Breed*) 187
- Prinsloo, Anton F. 2009. **13 klutse kwyt – van Saambou tot die SAUK: werksherinneringe van dr. Anton**. Pretoria: Protea Boekhuis.
(*S. Meyer*) 188



Resensies

Prinsloo versus Meyer versus die leser

Meyer, Adriaan. 2009. Prinsloo versus. Pretoria: Protea Boekhuis.
143 p. Prys: R175,00. ISBN: 978-1-86919-252-5.

Resensent: M.L. Crous
Departement Taal & Literatuur,
Nelson Mandela Metropolitan University

Wat Koos Prinsloo betref, is daar twee kritici wat boeke oor sy werk geskryf het, te wete Riana Scheepers en Gerrit Olivier. Op p. 83 van Meyer se dramateks verwys hy na “jou mammi se tesis”, synde ’n verwysing na Riana Scheepers en haar werk oor Prinsloo. Meyer gebruik egter nie net Scheepers se navorsing oor Prinsloo en sy geskryfdes vir sy drama nie, maar hy haal ook aan uit die werk van Prinsloo self, De Lange se intertekstuele gesprek met Prinsloo, asook Danie Botha, wat kritiek gelewer het op ’n vroeëre weergawe van hierdie dramateks. Dus – net soos by Prinsloo word die leser/kyker hier gekonfronteer met ’n uitgebreide korpus tekste en intertekste en is Meyer se teks ’n goeie voorbeeld van ’n postmodernistiese palimpses.

Ek sal graag die teks as opvoering wil sien, want ek het die lees nogal by tye moeisaam gevind en die gefragmenteerde oordadige tekste het my by tye verwar en selfs geïrriteer – juis miskien dieselfde reaksie as wat Prinsloo se komplekse verhale dikwels by mens ontlok.

In die voorwoord noem Meyer dat *Prinsloo versus* bestempel kan word as “’n vergestaltung van die intertekstuele lewe wat Prinsloo vandag nog handhaaf. Die teks is nie bloot ’n elegie aan Prinsloo nie, maar ’n lewende aspek van hom” (p. 10).

Die titel verklaar Meyer in sy voorwoord soos volg: “Versus wie? Die titel van die drama is tog onvolledig; die Latynse term veronderstel

dat 'n antagonis aangedui moet word as teiken van die konflik. Dis egter vir gehore om te besluit teen wie Prinsloo uiteindelik geveg het" (p. 10). Verderaan in die voorwoord blyk dit dat Meyer Koos Prinsloo as 'n ikoon beskou en as 'n James Dean van die Afrikaanse literatuur en hierdie aanname sou 'n mens verder kon ondersoek. Hoekom ontlok Prinsloo sulke ambivalente gevoelens by lesers? Word Prinsloo as 'n soort *queer* nastreefbare ideaal gereken? Is Prinsloo verteenwoordigend van 'n *coming out*-diskoers wat die rebellie teen die magsordeninge in die samelewing verwoord? Nog 'n vraag wat 'n mens kan stel, is of Prinsloo meer as net 'n verontregte gay was wat wraak geneem het op almal in sy tekste. Hierdie kwessies kan 'n mens aan die hand van Meyer se teks ondersoek, asook in die subteks van die voorwoord.

Meyer lewer 'n welkome nuwe bydrae tot die Afrikaanse dramaliteratuur wat tans, na analogie van die titel, getipeer kan word as "Deon Opperman en wie nog?" *Prinsloo versus* is 'n verwickelde, postmodernistiese teks wat finale antwoorde voortdurend uitstel.

Groeipunte in die Afrikaanse digkuns

Joubert, Marlise. 2009. **Versindaba 2009.** Pretoria: Protea Boekhuis. 76 p. Prys: R120,00. ISBN: 978-1-86919-291-4.

Resensent: T.T. Cloete
Potchefstroom

Versindaba wat gereeld in Stellenbosch gehou word, met die bundeling van die gedigte agterna deur Protea Boekhuis, het al 'n instelling geword wat die groeipunte in die Afrikaanse digkuns aandui.

Die bundel *Versindaba 2009* is die vyfde Versindaba-bloemlesing, wat 'n baie wyer verspreiding aan die gedigte gee as net die voordragte in Stellenbosch.

Wanneer 'n mens die vyf reeds-gepubliseerde Versindababundels gesamentlik lees, kry jy 'n taamlik omvattende beeld van die Afrikaanse digkuns; nie toegegooi onder 'n oormaat opnames in verseboeke of bloemlesings nie, maar met baie duidelike fokuspunte. Dit is nogal verrassend om te hoor dat nie minder nie as 95 digters die afgelope vyf jaar by die Versindabas opgetree het. Dit gee 'n goeie perspektief op die Afrikaanse digkuns. Die voordeel van die Versindabas is dat digters wat anders nie helder onder die aandag kom nie, 'n verhoog en gestalte kry in die Versindabas. Nicol Stassen

wys in sy Voorwoord tot *Versindaba 2009* tereg op die gehalte, verskeidenheid en verteenwoordigende van die gedigte wat elke keer opgeneem is in die bundels.

Afgesien van die gedigte wat in die bundel *Versindaba 2009* opgeneem is, is daar ook, soos in die verlede, 'n "Inleiding" wat besin oor die aard en funksie van die gedig, hierdie keer gesamentlik geskryf deur Louis Esterhuizen en Marlise Joubert. Die mense wat die inisiatief geneem het om die *Versindabas* tot stand te bring en te onderhou, moet daarvoor lof kry.

Die *Versindabas* het 'n verhoog geword vir gevestigde en nuwe digters, en dit is veral lofwaardig dat daar soveel nuwe stemme in *Versindaba 2009* gehoor word: Lucie Möller, Johannes Prins, Jasper van Zyl en Jelleke Wierenga.

Die verskeidenheid motiewe in die gedigte wat in *Versindaba 2009* opgeneem is, is bemoedigend vir die Afrikaanse digkuns. Dit sluit natuurgedigte en liefdesgedigte (Cas Vos) in, gedigte oor die platteland en stad, portrettering (Hambidge, De Lange), ons herkenbare Suid-Afrikaanse wêreld, maar ook ver plekke (Carina Stander, Johannes Prins, Jasper van Zyl).

Egter nie net dit nie, maar ook die tegniese verskeidenheid is opvallend. Hierdie verskeidenheid strek van 'n meer formeel gehanteerde gedig, soos onder andere die twee knap gedigte van Pirow Bekker, tot die meer vrye vers soos in die gedigte van veral Gilbert Gibson, ook Loftus Marais en Danie Marais.

Onder die gevestigdes is daar digters wat die afgelope tyd half in die stiller agtergrond geraak het en deur die *Versindaba* weer 'n kans kry om voorgrond toe te kom soos byvoorbeeld Piet van Rooyen of Pirow Bekker. Albei verras met uitstekende gedigte.

Wat verras, is dat die gedigte van die vier nuwelinge, Lucie Möller, Johannes Prins, Jasper van Zyl en Jelleke Wieringa, in geen opsig, wat die hantering van die vers, die stilering en die intensivering van die ervaring betref, die indruk skep van mindere vaardigheid in die gevestigde geselskap met wie hulle saam in hierdie bundel opgeneem is nie.

Metertyd sal die *Versindababundels* gesamentlik 'n selfstandige beeld van die Afrikaanse digkuns gee, wat anders sal lyk as dié van die kanon.

Estetisering van verlange en gemis

Vos, Cas. 2009. *Intieme afwesige: gedigte*. Pretoria: Protea Boekhuis. 106 p. Prys: R130,00. ISBN: 978-1-86919-294-5.

Resensent: H.P. van Coller
Universiteit van die Vrystaat

Cas Vos is 'n bekende teoloog en akademikus van Pretoria. In sy werk neem die religieuse, kuns, liefde en erotiek 'n belangrike plek in. Hierdie elemente is grondbestanddele van die mistiek waarvan sy werk deurdronge is en waarmee hy soos sy groot voorganger, Sheila Cussons, 'n eiesoortige bydrae lewer tot die religieuse poësie in Afrikaans.

Reeds die titel van sy jongste bundel, *Intieme afwesige*, stel iets van 'n digotomiese verhouding in die vooruitsig en kan bykans as 'n oksimoron bestempel word. Dit is 'n taalverskynsel waar daar 'n noue verbinding geskep word tussen twee teenoorgestelde begrippe. Dit is nie bloot 'n gerieflike truuk nie; die bundel as geheel stel juis hierdie tipe teenstrydighede aan die orde: dat geboorte en dood onafskeidbare teenpole is; dat brandende seksuele begeerte en kuisheid, liggaamlikheid en intellektualiteit en skepping en vernietiging, keersye van dieselfde munt is.

Dit is dus 'n vergewingsgesinde kyk op die mens en sy inherente eienskappe (en gebreke) wat in hierdie bundel vooropstaan – meer 'n katolieke mildheid as die calvinistiese regskenning en betewerigheid wat so dikwels by dominee-digters voorkom. 'n Mens kan Vos soms byna saam met Van Wyk Louw hoor sê: “my land, my dor verlate land, iets wens olywe groei in jou”.

Intieme afwesige is wat genoem word “'n deurgekomponeerde” bundel wat getuig van beplanning en eenheid. Reeds in die motto, ontleen aan Breyten Breytenbach, is daar 'n aanduiding dat metapoëtiese oorwegings (dus besinning oor die skrywerskap en die maak van poësie self) hier sentraal gaan staan. Immers, hoe maak jy die afwesige (ruimtelik afstandelike, gestorwene, emosioneel onttrokene) 'n aanwesigheid in die vers? Betekenis self word voorts die onderwerp van besinning in hierdie bundel, want moderne taalopvatting sentreer juis om die besef dat taal deur “aanwesige” (taaltekens) verwys na 'n afwesigheid, die “betekende”. Só word jy as mens én digter skynbaar gefnuik in jou poging om die afwesige aanwesig te maak. Tog is juis hierdie poging sinvol: herinnering

bring byvoorbeeld nooit iets of iemand terug nie, maar in die her-skepping herleef iets van die oorspronklike. So is dit ook met die poësie.

Een van die ander deurlopende motiewe in hierdie bundel met sy vyf afdelings, is dié van vaderskap wat veral in afdeling I, “Geboortes”, belangrik is. Sentraal staan die besef van verantwoordelikheid wat verbonde is met die verwekking van iemand, of die skep van iets. In heelwat van die gedigte gaan dit egter ook oor die feit dat aardse vaders (ook digters) by die grasia skep van God en gode en in werklikheid dikwels slegs optree as voogde vir dit wat hulle geskep het. Stukrag aan hierdie opvatting van blote rentmeesterskap word verleen deur verwysings – nie net na die geboorte van Christus nie, maar ook na die Romeinse, Griekse en Egiptiese mitologie.

In Cas Vos se poësie sit daar talle eggo’s van ander digters (van Wyk Louw, Breytenbach) sonder dat dit noodwendig aanleiding gee tot epigonisme. So ’n geslaagde vers is “my hand ritsel” (p. 25) in afdeling II met ’n treffende slotstuk, soos ook in die slim slotreëls van “Martha”:

Tussen verfskille deur stipstaar sy
Freud se eie ms interpreted

Van die gedigte, veral in afdelings II en III, is by tye vol slim woordspelings en beelde wat nie altyd oortuigend nie en ook met ’n (dekadente) soetheid wat té week, té selfbehep en bloot té mooi is (vgl. “Twee digters”, p. 26). Al is emosie eg (soos in “As ek in die slaap”, p. 41), kan dit alleen nie ’n tammerige gedig red nie. In ander gevalle is van die gedigte yl wat klank en beelding betref en steun hulle te veel op verwysings en ’n intellektuele en artistieke kader om daaraan gewig te verleen (vgl. “Simson”, p. 32 en “Il Gigante”, p. 33).

Die Engelse sonnet is ’n moeilike vorm omdat klankherhaling maklik aanleiding kan gee tot ’n dreun, rymdwang en onfunksionele metrie-se steurings. Dit is veral die slotreëls wat swaar belas word, omdat die rymende koeplet ’n poëtiese en inhoudelike samevatting moet wees van die voorafgaande drie kwatryne en die tweeledige aard, tipies van die sonnet, moet “oplos” of saamvat.

Selfs Shakespeare na wie die vorm vernoem is, slaag nie altyd daarin om dié balhorige merrie onder die knie te hou en ’n suksesvolle klimaks (*pointe*) daar te stel nie. In die Afrikaanse poësie het I.L. de Villiers, veral in sy bundel *Van Johannesburg tot Jerusalem*, hierdie vorm veelvuldig benut. In die lowende kritiek (na my

gevoel oorskatting) van hierdie bundel het min kritici aandag gegee aan die talle (tegniese) gebreke juis in De Villiers se benutting van die Shakespeariaanse sonnet.

Ook Cas Vos waag sy hand aan hierdie vorm, eweneens met gemengde sukses. In “Ek pluk vir jou rose” (p. 38) en in “Vere in die wind” (p. 45) is die slotreëls fasiel en nie altyd vry te pleit van rymdwang nie. Vergelyk die laasgenoemde gedig se slotreëls:

Ek verlang 'n brief – verlang jou brief, jou asem
My woorde slaan teen jou omtrek aan soos wasem

Veel beter na my gevoel, is die gedig “Aan flarde” met sy doelbewuste intertekstuele gesprek met Breytenbach.

Die vierde afdeling bevat van die beste verse indien die intellektuele onderbou van poësie as 'n belangrike kriterium vir geslaagde verskuns kan geld. Hierdie tweegesprek (beurtsang) sluit aan by 'n klein tradisie in die Afrikaanse letterkunde, onder andere Van Wyk Louw se “Gesprek van die dooie siele”, Sheila Cussons se poëtiese gesprek met Louw, *Orgie* (Brink) en Louis Esterhuizen en Marlise Joubert se digterlike gesprek met mekaar. In hierdie afdeling kom die tragiese verhaal van Abélard en Héloïse uit die verf. Weens sy liefde vir die non, Héloïse, verwek die middeleeuse filosoof, Abélard, 'n kind, Astralabe, by haar. Hierdie verhouding eindig ramspoedig deurdat hulle permanent van mekaar verwyderd raak en Abélard boonop gekastreer word. Met hierdie straf is daar sprake van 'n dubbele gemis en afwesigheid: van sy eie manlikheid én die geliefde self:

Ek moet terug na my eensame nag
Waar jou afwesigheid die herinnering
Aan die ultieme dood is.

Die reeks eindig met verse waarin Abélard en Héloïse se kind, Astralabe, sy verlange oor hulle afwesigheid verwoord.

Hierdie bundel wat heelwat goeie verse bevat, eindig met afdeling V waarin “See” (p. 85) en veral “Aan 'n spesialis in diabetesbehandeling” (p. 95) toon dat Vos ook geslaagde kriptiese en vernuftige verse kan skrywe.

Elegie as Griekse digvorm

Henderson, W.J. 2009. *Vir Griekse fluite: vroeë Griekse elegiese poësie*. Pretoria: Protea Boekhuis. 240 p. Prys: R250,00. ISBN: 978-1-86919-250-1.

Resensent: H. Goede
Skool vir Bybelwetenskappe en Bybeltale,
Potchefstroomkampus, Noordwes-Universiteit

Vir Griekse fluite: vroeë Griekse elegiese poësie is professor Henderson se tweede publikasie oor vroeë Griekse poësie. Die eerste, *Op Griekse lier: vroeë Griekse liriese poësie* (2004), het op die liriek as Griekse digvorm gefokus. Die onderhawige publikasie se fokus verskuif na die elegie as Griekse digvorm. Die outeur beskryf die werk as 'n sinchroniese ondersoek na die wesenseienskappe van die Griekse elegiese digvorm wat die werk van individuele digters of groepe digters aan die woord stel. Tog is daar ook spore van 'n diachroniese ontwikkelingsondersoek. Die outeur beskryf in die "Voorwoord" die teikenmark as "... steeds die klassikus, die literatuurwetenskaplike wat veral op genre fokus en die gevorderde student in klassieke of vergelykende literatuur; indien die gewone leser dit ook geniet of daarby baat vind, is dit 'n bonus".

Die publikasie bestaan uit twee hoofdele. Die "Inleiding" verskaf 'n oorsig oor die oorsprong en ontwikkeling van die elegie, gevolg deur 'n bespreking van die twee uitstaande kenmerke van die Griekse elegie, naamlik versvorm (metrum) en voordrag. Die derde onderafdeling behandel tipiese geleenthede waar elegies voorgedra sou word, terwyl die vierde onderafdeling tipiese temas bespreek wat in elegieë aangeraak is, byvoorbeeld liefde, lewe, vriendskap, oorlog en nog meer. Die outeur bespreek ook verskillende klassifikasiebasisse van hierdie temas. Hierdie eerste hoofdeel is informatief, dog op die punt af en verskaf 'n stewige basis vir die tweede hoofdeel.

In die tweede hoofdeel behandel Henderson chronologies dertien Griekse digters van die sewende tot derde eeue voor Christus. Telkens word biografiese en kontekstuele inligting verskaf, gevolg deur die outeur se eie vertalings van uittreksels uit die digters se digkuns, met verklarende aantekeninge. Hierdie deel bevat ook 'n enkele anonieme teks in dieselfde formaat. Die publikasie word afgesluit met 'n nuttige Glossarium, eindnote tot die twee hoofdele, 'n uitgebreide bibliografie en 'n register van die elegiese tekste

waarna in die publikasie verwys word. Hierdie toevoeging tot die publikasie verhoog beslis die akademiese waarde daarvan; veral die “Glossarium” lewer ’n groot bydrae om die werk vir ’n groter gehoor toegankliker te maak.

Soos professor Henderson se eerste boek, vul hierdie publikasie ’n leemte in die vakgebiede van Grieks en algemene literatuurwetenskap. Die vertalings is keurig, hoewel die Afrikaans enersyds soms sukkel om altyd aan die draagwydte van die Grieks reg te laat geskied en andersyds soms ietwat lomp voorkom. Die kontekstuele inligting by elke teks lei die leser sonder dwang in die rigting waarheen die skrywer se argument loop. Hierdie werk behoort voorgeskrewe materiaal vir elke (voornemende) literatuurwetenskaplike te wees, nie alleen wat betref die inhoud nie, maar veral wat die skrywer se metodologiese omgang met die tekste betref. Dit getuig van ’n deeglike ontleding van die teks met behoorlike inagneming van die konteks, so ver dit aan ons bekend is.

Die feit dat die skrywer en die uitgewer die waagmoed aan die dag lê om hierdie werk in Afrikaans te publiseer, getuig van die behoefte aan goeie akademiese werke oor Griekse literatuur. Dat hierdie werk in daardie behoefte voorsien, staan vas en dui duidelik aan dat die skrywer sy teikengehoor bereik. ’n Mens sou egter hoop dat *Vir Griekse fluite: vroeë Griekse elegiese poësie* ’n wyer gehoor sal bereik wat uit die diepte van professor Henderson se navorsing sal kan put, selfs by gebrek aan kennis van Grieks. Ek beveel hierdie publikasie met groot vrymoedigheid vir vakkenners en leke aan.

Die liefde – “’n duisend vorme”

<p>Aucamp, Hennie. 2009. Die huis van die digter en ander liefdesverhale. Pretoria: Protea Boekhuis. 96 p. Prys: R120,00. ISBN: 978-1-86919-339-3.</p>

Resensent: B. van der Merwe
Mafikeng

Sedert Hennie Aucamp in 1963 met die kortverhaalbundel *Een somermiddag* gedebuteer het, het meer as sestig publikasies uit sy pen verskyn. Hy is nie alleen een van die belangrikste kortverhaal-skrywers in Afrikaans nie, maar verwerf ook bekendheid as skrywer van kabarettetekste, as dramaturg, digter en akademikus. In die later jare vorm ego-dokumente (dagboeke en joernale) ook ’n belangrike

deel van sy oeuvre. Die kortverhaalbundel, *Die huis van die digter en ander liefdesverhale*, is sy jongste werk.

In 'n gesprek met Abraham H. de Vries verduidelik Aucamp hoe die bundel tot stand gekom het.

Ek het 'n rolprent oor die boek Ester gesien en dit het 'n reeks herinneringe aan my kindertyd losgemaak, toe my ouma en tant Nan Lübbe my oortuig het dat Ester die mooiste roman is wat ooit geskryf is. Die gevolg was *Aletta van die oewererwe*, en daarna het die een liefdesverhaal na die ander hom by my kom aanmeld. Hoe 'n bundel in my geval gebeur, is byna altyd dieselfde. Eers is daar 'n sterk prikkel wat die verbeelding as 't ware brandstoot, en hierop volg 'n kettingreaksie. En skielik hoor jy die geruis van 'n rok in die gang af: Die muse het vertrek.

Twee van die tien verhale, “Die stolp” en “Waar die wolke middag maak”, het vroeër reeds in ander publikasies verskyn. “Die terugkeer uit die kloof” is 'n geredigeerde vertaling van Joey Muller se verhaal “The return from the Kloof” wat in 1955 in die bundel *Mrs Noltjie and other stories of the Karoo* (1955) opgeneem is.

Die verhale is nie alleen van wisselende lengte nie – die vreemde verhaal “Droë meer” met sy oop slot strek oor drie bladsye, terwyl “Die terugkeer uit die kloof” vyftien bladsye beslaan – maar hulle verskil ook wat inhoud, stemming en aanbieding betref baie van mekaar. Die sentrale tema van die bundel, liefde in sy wydste omvang, funksioneer egter as samebindende faktor. Op die agterblad van die bundel word dit ook só verwoord: “In Aucamp se werk word liefde gekenmerk deur 'n wye omvang en baie stemminge. Party verhale is snaaks, ander ontroerend, nog ander vreemd en geheimsinnig.” By die lees van die verhale in *Die huis van die digter en ander liefdesverhale* kom die bekende woorde van die digter I.D. du Plessis byna vanself by 'n mens op: “Die liefde neem 'n duisend vorme aan”.

Aletta Rabie in “Aletta van die oewererwe” se ervaring van “liefde” is die kortstondige, maar intense verbintenis met 'n voortvlugtige misdadiger, wat sy later beskryf as “die een en enigste man in my lewe” (p. 16). Ewe kort van duur, maar net so verreikend is die ontmoeting tussen die jong Suid-Afrikaner Fanie Kloppers en Heinz Tegtmeyer, die jong Duitse kunstenaar wat hy aan die begin van die vorige eeu op sy ouers se plaas in Kenia van 'n gewisse dood red. As Fanie jare later hierdie gebeure herroep in 'n gesprek met Demedts, die handelaar van antikwariese boeke, merk Demedts op: “Daar kan wel

weer liefdes in jou lewe wees ... maar laat ek jou waarsku, my geëerde jong vriend, werklik dringende liefdes herhaal hulleself nie dikwels in die tyd nie.” (p. 43.)

In “Die terugkeer uit die kloof” is daar ook sprake van só ’n liefde, maar in hierdie somber verhaal met sy sinspeling op die bonatuurlike, loop die liefdesverbintenis uit op ’n verskriklike einde vir die twee geliefdes. Daarteenoor het die humoristiese “Die stolp” die voorspelbare einde van ’n konvensionele liefdesverhaal. Onaansienlike Orpa, die middelste en “losweg die onduidelikste” van oom Servaas en tant Gesie se vyf dogters, word geheel en al onkant betrap deur die liefde. So veel so, dat sy na oom Arnoldus se aweregse huweliksaansoek, slegs kan fluister: “Van ganser harte, ja” (p. 20).

Twee van die verhale – “In rooi grond, tussen kanniedood en vuurklip” en “Waar die wolke middag maak” – het Aucamp se geliefde jeugwêreld as agtergrond: die plaas Rust-mijn-ziel en die dorpie Jamestown in die Stormberge. In die sluitstuk van die bundel, “Waar die wolke middag maak”, word die tema van afskeid en verlies aangeroer.

Dit kan gebeur dat ’n plek en ’n omgewing ’n herinnering word nog lank voordat jy formeel afskeid geneem het daarvan. Só het dit met my gebeur toe ek, baie, baie somers gelede, ’n lang vakansie by my ouers op ons plaas Rust-mijn-ziel deurgebring het. Soos jy soms in die hartjie van Januarie op ’n oggend ’n aanmaning van herfs ervaar, só het ek daardie somer gevoel dat iets aan die verbygaan is; ’n lewenswyse, ’n vermeende geankertheid. (p. 91.)

Die verhale wat in *Die huis van die digter en ander liefdesverhale* opgeneem is, verteenwoordig waarskynlik nie almal Aucamp se beste werk nie, maar dit is tog ’n genot om te lees. Dit is jammer dat daar enkele opvallende foute voorkom wat deur deegliker redigering verhoed kon gewees het.

Tee vir twee

Van Staden, Ilse. 2009. **Tafel vir twee.** Pretoria: Protea Boekhuis.
175 p. Prys: R150,00. ISBN: 978-1-86919-321-8.

Resensent: C.A. Breed
Skool vir Tale, Potchefstroomkampus,
Noordwes-Universiteit

Dat Ilse van Staden 'n vaardige skrywer is, is nie net duidelik uit die feit dat haar eerste digbundel, *Watervlerk*, in 2003 met die Eugène Marais- en Ingrid Jonker-pryse bekroon is nie. Dit is óók duidelik wanneer jy haar eerste prosabundel, *Tafel vir twee*, lees.

Van Staden kry dit reg om dinge wat meestal onopgemerk verbygaan, raak te beskryf. Dinge en gebeure in die alledaagse word só geformuleer, dat dit by die leser 'n gevoel van absolute herkenning wek.

Die werke wat in hierdie bundel ingesluit is, is taamlik moeilik om te kategoriseer. Die meeste van die prosatekste toon nie sterk narratologiese ontwikkeling nie, en sou dalk eerder gesien kan word as sketse. Tog laat die ryphed waarmee die verskillende karakters aangebied word, die tekste soms soos 'n kortverhaal voel. Die karakters en die ervaring van hulle omstandighede staan sentraal. Al die karakters in die bundel word op 'n uiters geloofwaardige en intieme wyse voorgestel. Die bundel se genre is dus in 'n mate hibried.

Die bundel is egter ietwat ongelyk saamgestel. Sommige tekste, soos die eerste tekste in die bundel, naamlik *Tafel vir twee* en *Die man in die bokamer*, het minder interpretasiewaarde as 'n teks soos *Sjuut ...* Die saamgroepering van hierdie verskillende tekste in een bundel, kan moontlik veroorsaak dat daar afbreuk gedoen word aan die literêre interpretasie van 'n verhaal soos laasgenoemde.

Dit het ook soms gevoel asof die titels van die onderskeie tekste nie by die inhoud van die tekste pas nie. Die skrywer sou baat daarby kon vind om die verskillende tekste op 'n meer deurdagte wyse te betitel het.

Die temas wat Van Staden in die bundel aansny, is oomblikke of flitse uit die alledaagse. Die karakters in die bundel is gewone mense, en die handelings in die tekste is die gewone dinge wat hier-

die mense elke dag doen of ervaar. Die leser kan volkome met elkeen van hierdie verhale en karakters identifiseer.

Die bundel bied 'n ontspannende leeservaring, en sal terdeë geniet word as ontvlugtingsliteratuur.

Woordman boei en amuseer

Prinsloo, Anton F. 2009. 13 klutse kwynt – van Saambou tot die SAUK: werksherinneringe van dr. Anton. Pretoria: Protea Boekhuis. 270 p. Prys: R150,00. ISBN: 978-1-86919-306-5.

Resensent: S. Meyer
Fakulteit Opvoedingswetenskappe,
Potchefstroomkampus, Noordwes-Universiteit

Anton Prinsloo spin onvermoeid aan 'n indrukwekkende web van woorde. Ons het sy stem leer ken in die jare 1992 tot 2004, toe die radioprogram *Wagwoorde* elke Dinsdagaand op RSG gehoor is; die afgelope jare ontmoet ons hom weekliks in sy *Volksblad*-rubriek *Taalkruie*. In 2009, op 68 jaar, verskyn sy kontreitaalwoordeboek, *Annerlike Afrikaans* en 'n tweede, bygewerkte uitgawe van een van sy mees suksesvolle taalboeke, *Spreek-woorde en waar hulle vandaan kom* (2004). In dieselfde jaar publiseer hy 'n bundel werks-herinnerings waarin vertel word van die 13 “klutse” wat hy kwynt-geraak het. “Klutse” is die betrekkings wat sy werk as taaladviseur en omroeper by die SAUK voorafgegaan het en wat hom óf verveel, óf dwars in die krop gestee, óf te min betaal het, sodat hy hulle “in mindere of meerdere mate as foute moet beskou” (p. 14).

Die geskiedenis van die boek se titel betrek die 1994-gebeure by die SAUK toe begin is om ervare mense in talle poste met jong en onervare werknemers te vervang. Op 'n dag in dié tyd is daar, volgens een van die nuut aangestelde verslaggewers, by 'n byeenkoms “'n hele paar klutse kwyntgeraak” (p. 13). Só word *kluts* in die titel met die betekenis “fout, vergissing, misstap” bekleed.

“'n Mens moenie met beroemde name smous as jy dit nie kan verhelp nie”, is die stukkie lewensraad wat Prinsloo tot motto neem voorin die boek. Dit verrai 'n lewensnugterheid wat ook verder in die bundel skakel met talle belewenisse waaruit blyk dat die skrywer se agting vir ander en homself nie gemotiveer word deur posisie in die samelewing nie, maar deur die vermoë om toegewyd te werk en om die lewe eerlik en met oorgawe (en humor!) te leef.

In *13 klutse kwyf* word tong-in-die-kies beurtelings gefokus op die hebbelikhede van kollegas en op die skrywer se eie tekortkomings. So word 'n staaltjie vertel uit die tyd toe 'n ou roman van Mikro, *Die ruiter in die nag*, verfilm is. 'n Kollega by die Waternavorsingskommissie het op 'n dag 'n das gedra met 'n perderuiter daarop en Prinsloo het die afleiding gemaak dat dié kollega betrokke moes wees by die boek se verfilming. Hy is, gebelgd en “uit die hoogte”, ingelig dat dit die das van die Rapportryers is (p. 96).

Die leser kom onder die indruk van die veelsydigheid van 'n mens wat in die loop van sy beroepslewe by die wêreld van syfers, wetenskap én woorde aanklank gevind het. So beland Prinsloo in poste by onder andere die WNNR, die Nederlandse Bank, die Stadsraad van Pretoria en by ou Mutual. Terwyl hy eendag 'n artikel proeflees vir *WaterSA* kom hy af op 'n chemiese vergelyking, begin kyk of dié vergelyking balanseer en ontdek dat daar 'n atoom aan die regterkant makeer. Dit lei tot 'n navraag aan die redakteur van die tydskrif of “dit steeds geld dat materie nie vernietig kan word nie”, en – uiteindelik – tot die spitsvondige gevolgtrekking: “Hierdie outeur het pas 'n atoom vernietig.” (p. 125.)

Uit die hele bundel blyk Prinsloo se fyn waarnemingsvermoë ten opsigte van mense en hulle motiewe. Die leser is bewus van 'n eerlike poging om erkenning te gee aan kollegas, in gelyke en meer senior posisies, van wie hy oor die werk of die lewe kon leer en wat sy lewe op verskillende wyses verryk het. Terselfdertyd spaar Prinsloo nie voormalige kollegas in die weergawe van waarom hulle soms “erg haaks” was nie (p. 222); optrede wat as agterbaks of opvlieënd beleef is, word gekoppel aan spesifieke mense en voorvalle. Vroeg in die bundel word egter reeds dié insig verwoord dat die meeste kollegas wat hom ontstel het, waarskynlik gefrustreer was met hulle werk of werksomstandighede, onervare of onopgeleid was vir hulle taak en dus onveilig of bedreig gevoel het. Hiermee temper Prinsloo daaropvolgende weergawes van konflik, sodat die ervaring van verlies wat uit die skeefloop van 'n kosbare werks- en vriendskapsverhouding spruit, soos dié met Sarel Myburg van die SAUK, vir die leser geloofwaardig voorkom. Waarskynlik een van die grootste verdienstes van *13 klutse kwyf* is hierdie oorwoë en gebalanseerde beskouing van diegene wat die werkplek oor bykans 'n halwe dekade met Prinsloo gedeel het.

Die skrywer se verteltegnyse bedrewenheid word vir die leser tot nog groter wins gemaak deur die woordvakmanskap waarvoor Prinsloo bekend geword het en wat hy so ooglopend in die bundel geniet. Hy skets met behendige woordhale 'n fassinerende loop-

baanpad, vanaf klerkskap by Saambou Bouvereniging tot voorsitterskap van onder andere die Taalkommissie van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns, van die Nasionale Taalliggaam vir Afrikaans en van die Komitee vir Taaladvies van die SAUK. Wat die leser bybly, is nie die hoogtes wat bereik is nie, maar die ondersoekende gees van 'n mens wat die lewe met verwondering en nuuskierigheid benader, en woorde met dieselfde oorgawe en genot gebruik. Die leser begryp deurentyd dat taal nie vir die skrywer net 'n wetenskap is nie, maar ook 'n avontuur. Hierdie is 'n boek vir die woord- en die lewensgenieter.